

Beste Graad 12 Ontwerp-leerder

Dit is baie belangrik om dwarsdeur die jaar aan te hou met teken / ontwerp en te skep. Maak seker dat jy ten minste 2 – 3 keer per week in jou werkboek teken / ontwerp. Bestee boonop ten minste die voorgestelde tyd per week aan die waarneming en studie van / lees oor ontwerp.

Vakvereistes

Jy het die volgende nodig:

- ➔ 'n Ontwerp-handboek
- ➔ 'n Bronboek/prosesboek
- ➔ Materiaal wat met jou gekose dissipline verband hou

Ontwerpkategorieë:

- ➔ Visuele Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- ➔ Oppervlakontwerp
- ➔ Produkontwerp
- ➔ Omgewingsontwerp

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die werk vir Graad 12 voltooi het.

Onderwerp 1 – Ontwerpproses (Prosesboek):

(10–12 uur per praktiese taak per kwartaal)

- ➔ Die prosesboek moet al jou beplanning, voorbereiding, ondersoek en navorsing toon om die geïdentifiseerde probleem van die opdrag op te los. Die navorsingsopdragte (**Ontwerp in 'n Besigheidskonteks**) vorm deel van hierdie proses en moet 'n direkte skakel met jou praktiese taak toon

Onderwerp 2 – Ontwerpproduksie:

(18–20 uur per praktiese taak per kwartaal plus tyd na skool)

- ➔ Jy moet nou die produk/te in jou gekose ontwerpkategorie vervaardig. Onthou die funksionaliteit van die produk is belangrik. Dit is belangrik om na oorspronklikheid, kreatiwiteit en innovasie in die produk te streef, terwyl jy ook 'n gevorderde mate van tegniese vaardigheid toon in die gebruik van 'n verskeidenheid materiale en tegnieke wat gekies word.

Onderwerp 3 – Ontwerpteorie:

Die teorie word verdeel in drie afdelings:

Afdeling A: Ontwerpgeletterdheid

- ➔ Analise van ongesiene voorbeelde
- ➔ Kommunikasie deur ontwerp
- ➔ Vergelyking tussen plaaslike en internasionale ontwerp (ongesiene voorbeelde)
- ➔ Vergelyking tussen modern en klassieke argitektuur

Afdeling B: Ontwerpgeskiedenis

- ➔ Geskiedenis van ontwerp

Afdeling C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks

- ➔ Ontwerp en sosio-kulturele kwessies
- ➔ Ontwerp en omgewings- en volhoubare konteks

Die finale Ontwerpteorie-vraestel sal uit SES vroe bestaan:

AFDELING A: VRAE 1 to 3

- ➔ Ontwerpgeletterdheid (30 punte)

AFDELING B: VRAAG 4

- ➔ Ontwerpgeskiedenis (30 punte)

AFDELING C: VRAE 5 en 6

- ➔ Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)

Jy moet **AL** 6 vroe beantwoord, maar lees die instruksies noukeurig aangesien daar **keuses** in die vroe is.

Jy moet die volgende voltooi:

Kwartaal 1:

- ➔ Taak 1: Teorietoets 50 punte
- ➔ Taak 2: Ontwerpproses (Prosesboek) 100 punte
- ➔ Taak 6: Produk 1 (25% van PAT)

Kwartaal 2:

- ➔ Taak 4: Ontwerpproses (Prosesboek) 100 punte

- ➔ Taak 6: Produk 2 (25% van PAT)

Kwartaal 3:

- ➔ Taak 5: Proef-teorie-eksamen 100 marks
- ➔ Taak 6: PAT uitstillingsproses

TAKE TASKS 1, 2, 4, 5 se punte sal vir jou skoolgebaseerde assessering, 25% van jou totale punt aan die einde van die jaar, tel.

Eindeksamen

TAAK 6 - PAT (Retrospektiewe uitstalling): Dit is 'n uitstalling van jou werk waar die minimum vereistes Produk/e 1 & 2 is. Jy behoort hierdie praktiese werk te ontwikkel en uit te brei in 'n samehangende en holistiese groep produkte gesien in die konteks van 'n uitstalling. 100 punte

TAAK 7.1 Vraestel 1 Teorie-vraestel

TAAK 7.2 Vraestel 2 Praktiese Vraestel Die Ontwerpproses sal gedurende die derde kwartaal gedoen word en die Ontwerpproduksie tydens 'n 24-uur sessie onder eksamen toestande. 100 punte

Wenke vir sukses

- ➔ Word **ontwerpgeletterd** deur bewus te wees van ontwerp rondom jou! Let op die tendense in Ontwerp. Wees sensitief en bewus van sosiale en omgewingskwessies wat ontwerp beïnvloed. Onderskei vooraf tussen plaaslike en internasionale ontwerpers se gevallestudies om nie deurmekaar te raak tydens die eksamen nie.
- ➔ Spesialiseer in een ontwerp kategorie om jou kapasiteit op te bou en uit te blink in jou praktiese werk
- ➔ Hou jou kliënt of teikenmark altyd in gedagte wanneer jy ontwerp. Is jou ontwerp funksioneel en esteties, sal dit aan die behoeftes voldoen en die lewe verbeter?



Leerders se werk

<https://wcedportal.co.za/eresource/87926>



Hersiening en riglyne - teorie

<https://wcedportal.co.za/eresource/123581>



Leerders se werk

<https://wcedportal.co.za/eresource/87926>